


# **Appendix M**

Title deed

VAN930/0286/ICP/PF

4

Duncan & Rothman  
Kantoor 69, Suite 1, Eerste Vloer, North  
Cape Mall, Jacobus Smitstraat 31,  
Kimberley, 8301




Opgestel deur my

TRANSPORTBESORGER  
POTGIETER IZAK CORNELIUS

## TRANSPORTAKTE

HIERBY WORD BEKEND GEMAAK DAT

**SHABANA BIBI KADER (98329)**



voor my verskyn het, REGISTRATEUR VAN AKTES te KIMBERLEY, hy die genoemde komparant synde behoorlik daartoe gemagtig kragtens 'n Volmag aan hom verleen deur

**PIETER WILHELM JOHAN COETZER**

Identiteitsnommer 720430 5005 08 5

Getroud met Simone Melanie Malz Coetzer, welke huwelik behoor word deur die wette van Switserland en bygestaan deur haar vir sover nodig

geteken te KEMPTON PARK op 30 APRIL 2019

En genoemde Komparant het verklaar dat sy prinsipaal, op 2 Julie 2018, waarlik en wettiglik verkoop by Privaat ooreenkoms, en dat hy, in sy voorgenoemde hoedanigheid hierby sedeer en transporteer aan en ten gunste van

**DIE TRUSTEES INDERTYD VERNEUJK PAN TRUST**  
**Registrasienuommer IT311/99**

diese Opvolgers in titel of Regverkrygendes, in volkome en vrye eiendom

PERSEEL 2372 KAKAMAS SUID NEDERSETTING  
GELEE IN DIE KAI IGARIB MUNISIPALITEIT, AFDELING KENHARDT,  
PROVINSIE NOORDKAAP

GROOT 853,4794 (AGT HONDERD DRIE EN VYFTIG KOMMA VIER SEWE  
NEGE VIER) HEKTAAR

**AANVANKLIK GEREGISTREER** en gehou kragtens Sertifikaat van Verenigde Titel  
Nommer T79713/2012 met Kaart Nommer 148/2012 wat daarop betrekking het

- I. Wat betref figuur A B C J op Kaart L.G. nommer 148/2012:
- A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Sertifikaat van Eenvormige Titel nommer T79712/2012.
- B. ONDERHEWIG VERDER kragtens die Minister se toestemming aan die volgende regte wat ten gunste van die Staat voorbehou word, vervat in gesegde Sertifikaat van Eenvormige Titel nommer T11402/1956, naamlik:-
- (1) Die reg om grond te neem en om material te verkry en te verwyder vir die bou en herstel van openbare paaie.
- (2) Die Staat het te alle tye die reg om paaie, spoorweë damme waterleidings en afleivore te maak en telegraaflyne oor die grond aan te lê sonder betaling van vergoeding behalwe ten opsigte van verbeterde grond.
- (3) Die Staatspresident het te alle tye die reg om enige gedeelte of gedeeltes van die grond in besit te neem vir Staats en/of openbare doeleindes. Ingeval die sondanige terugneming sal die Staat vir geen vergoeding aanspreeklik wees nie, behalwe ten aansien van bewerkte grond.

(4) Die bewerkte grond wat by die gebied bekend as die Polisie-reserwe ingesluit is, sal geregtig wees op 'n pro rata aandeel van enige water uit die Oranjerivier uitgekeken mag word vir die doel van besproeiing van bewerkte grond op die Kakamasnederstelling."

C. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 20 Desember 1989 aangebring op Transportakte nommer T12380/1968, welke endossementsoos volg lui:

"Kragtens Notariële Akte nommer K1199/1989S, is die binnevermelde eiendom onderhewig aan die reg ten gunste van ESKOM BEHEREND SOC LTD om elektrisiteit daaroor te lei, tesame met bykomende regte, en onderhewig aan voorwaardes, soos vollediger sal blyk uit die gesegde Akte (en Kaart), afskrif waarvan hieraan geheg is."

D. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 20 Desember 1989 aangebring op Transportakte nommer T12380/1968, welke endossement soos volg lui:-

"Kragtens Akte van Transport nommer T74253/1989 hede geregistreer, is die Restant van binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n reg van weg 6(ses) meter wyd ten gunste van Perseel 1651 daaronder gehou, die roete waarvan bepaal sal word. Soos meer volledig sal blyk uit gesegde Transportakte."

E. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 15 Julie 1991 aangebring op Transportakte nommer T12380/1968, welke endossement soos volg lui:

"Kragtens Notariële Akte Nommer K551/1991S, is die binnevermelde eiendom onderhewig aan die reg ten gunste van ESKOM BEHEREND SOC LTD om elektrisiteit daaroor te lei, tesame met bykomende regte, en onderhewig aan voorwaardes, soos vollediger sal blyk uit die gesegde Akte (en Kaart).

F. Kragtens Notariële Akte van Serwituut nommer K1171/1994S, is die binnegemelde eiendom

(a) Geregtig op 'n serwituut van reg van weg 5 meter wyd oor

- (i) Perseel 1760 (Gedeelte van Perseel 1178), groot: 501,1247 hektaar;
- (ii) Restant van Perseel 1178, groot: 1504,2126 hektaar.

Soos meer volledig sal blyk uit die gemeelde Notariële Akte.

II. Wat betref figuur D E F G H J C op Kaart L.G. nommer 148/2012:

A. ONDERHEWIG aan die voorwaardes waarna verwys word in Sertifikaat van Eenvormige Titel nommer T11402/1956.

B. ONDERHEWIG VERDER kragtens die Minister se toestemming aan die volgende regte wat ten gunste van die Staat voorbehou word, vervat in gesegde Sertifikaat van Eenvormige Titel nommer T11402/1956, naamlik:-

"(1) Die reg om grond te neem en om material te verkry en te verwyder vir die bou en herstel van openbare paaie.

(2) Die Staat het te alle tye die reg om paaie, spoorweë damme waterleidings en afleivore te maak en telegraaflyne oor die grond aan te lê sonder betaling van vergoeding behalwe ten opsigte van verbeterede grond.

(3) Die Staatspresident het te alle tye die reg om enige gedeelte of gedeeltes van die grond in besit te neem vir Staats en/of openbare doeleindes. Ingeval die sondanige terugneming sal die Staat vir geen vergoeding aanspreeklik wees nie, behalwe ten aansien van bewerkte grond.

(4) Die bewerkte grond wat by die gebied bekend as die Polisereserwe ingesluit is, sal geregtig wees op 'n pro rata aandeel van enige water uit die Oranjerivier uitgekeem mag word vir die doel van besproeiing van bewerkte grond op die Kakamasnedersetting."

C. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 20 Desember 1989 aangebring op Transportakte nommer T12380/1968, welke endossementsoos volg lui:

"Kragtens Notariële Akte nommer K1199/1989S, is die binnevermelde eiendom onderhewig aan die reg ten gunste van ESKOM BEHEREND SOC LTD om elektrisiteit daaroor te lei, tesame met bykomende regte, en onderhewig aan

voorwaardes, soos vollediger sal blyk uit die gesegde Akte (en Kaart), afskrif waarvan hieraan geheg is."

- D. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 20 Desember 1989 aangebring op Transportakte nommer T12380/1968, welke endossement soos volg lui:-

"Kragtens Akte van Transport nommer T74253/1989 hede geregistreer, is die Restant van binnegemelde eiendom onderhewig aan 'n reg van weg 6(ses) meter wyd ten gunste van Perseel 1651 daaronder gehou, die roete waarvan bepaal sal word. Soos meer volledig sal blyk uit gesegde Transportakte."

- E. ONDERHEWIG VERDER aan die bepalings van die endossement gedateer 15 Julie 1991 aangebring op Transportakte nommer T12380/1968, welke endossement soos volg lui:

"Kragtens Notariële Akte Nommer K551/1991S, is die binnevermelde eiendom onderhewig aan die reg ten gunste van ESKOM BEHEREND SOC LTD om elektrisiteit daaroor te lei, tesame met bykomende regte, en onderhewig aan voorwaardes, soos vollediger sal blyk uit die gesegde Akte (en Kaart), afskrif waarvan hieraan geheg is".

- F. Kragtens Notariële Akte van Serwituut nommer K1171/1994S, is die binnegemelde eiendom

(a) Geregtig op 'n serwituut van reg van weg 5 meter wyd oor.

- (i) Restant van Perseel 1178, groot: 1504,2126 hektaar;
- (ii) Perseel 1763 (Gedeelte van Perseel 1178), groot: 497,8263 hektaar.

(b) onderhewig aan 'n serwituut van wateronttrekking ten gunste van:

- (i) Perseel 1760 (Gedeelte van Perseel 1178); groot: 501,1247 hektaar;  
en
- (ii) Perseel 1763 (Gedeelte van Perseel 1178), groot: 497,8263 hektaar;  
en

(c) onderhewig aan 'n pyplynserwituut 5 meter wyd ten gunste van:

(i) Perseel 1760 (Gedeelte van Perseel 1178), groot: 501,1247 hektaar,  
en

(ii) Perseel 1763 (Gedeelte van Perseel 1178), groot: 497,8263 hektaar,

Soos meer volledig sal blyk uit die gesegde Notariële Akte.

WESHALWE die komparant afstand doen van al die regte en titel wat

**PIETER WILHELM JOHAN COETZER, Getroud soos vermeld**

voorheen op genoemde eiendom gehad het, en gevolglik ook erken het dat sy geheel en al van die besit daarvan onthef en nie meer daartoe geregtig is nie en dat, kragtens hierdie akte, bogenoemde


**DIE TRUSTEES INDETYD VERNEUJK PAN TRUST,  
Registrasienuommer IT311/99**

hulle Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes, tans en voortaan daartoe geregtig is, ooreenkomstig plaaslike gebruik, behoudens die regte van die Staat en ten slotte erken hulle dat die verkoopprijs die bedrag van R3 500 000,00 (DRIE MILJOEN VYF HONDERD DUISEND RAND) beloop.

TEN BEWYSE WAARVAN ek, genoemde Registrateur, tesame met die Komparant hierdie Akte onderteken en dit met die Ampseël bekragtig het.

ALDUS GEDOEN EN VERLY op die Kantoor van die REGISTRATEUR VAN AKTES te KIMBERLEY op hede die

11 OCT 2021

  
\_\_\_\_\_  
q.q.

In my teenwoordigheid

  
\_\_\_\_\_  
REGISTRATEUR VAN AKTES